

Ned Geref Kerk in Namibië

Notule van die Sinode gehou op 4 – 7 November 2012 te Erindi.



Eerste sessie: Sondag 4 November 2012, 15:00

1. Tuiskoms en aanbidding (Liturgiese begeleidingsboek, p 13)

- 1.1 Ds. Pine Pienaar, voorsitter van die moderamen, roep om 15:00 die vergadering tot orde en gee aan die skriba van die moderamen geleentheid om aan te dui wie almal teenwoordig is.
- 1.1.1 Die Suide Ring** meld aan met 25 afgevaardigdes deur 'n gebedslied, Lied 280, aan die sinode te gee om te sing. Die volgende persone is teenwoordig:
- Aroab Ds. SG (Gerhard) le Grange, mnr. JI (Johan) Minnaar.
 - Ariamsvlei Mnr. JC (Johan) Esterhuizen, mnr. OA (Olof) von Schaurath.
 - Bethanie Dr. GL (Gerhard) Buys, mnr. T (Vossie) Coetzee.
 - Gochas Ds. JG (Gustav) Pansegrouw, me. M (Madeleen) Pansegrouw.
 - Kalkrand Ds. CR (Roelf) de Wet, mnr. CD (Chris) Smith.
 - Karasburg Ds. JM (Tjaard) Venter, me. MM (Grieta) van der Merwe.
 - Keetmanshoop Ds. AP (Dries) Coetzee, mnr. J (Jacques) Esbach.
 - Koës Ds. WJ (Wessel) Oosthuizen, mnr. PB (Pieter) Nell.
 - Lüderitz Geen verteenwoordigers nie.
 - Maltahöhe Mnr. SM (Sarel) Visser.
 - Mariental Ds. JP (Kobus) Jooste, mnr. C (Chris) van Lill.
 - Oranjemund Ds. PFC (Pieter) Pieterse, mnr. B (Brendon) Jeoffreys (adviserende lede).
 - Stampriet Ds. G (Gerhard) Liebenberg, mnr. R (Recht) van der Westhuizen.
 - Warmbad Ds. J.S. (Johan) Combrinck, mnr. NJ (Nico) Pretorius.
- 1.1.2 Die Ooste Ring** meld aan met 33 afgevaardigdes deur 'n Skrifwoord vir die sinode te gee. De Lange Kotze, ouderling van Aranos, lees Lukas 4:16-19 voor. Die volgende persone is teenwoordig:
- Aranos Dr. AR (André) Olivier, mnr. D (De Lange) Kotze.
 - Gobabis Ds. JHG (Johannes) Maritz, mnre. JJ (Jasper) Engelbrecht, BWJ (Ben) Dauth, F (Frans) Nel.
 - Leonard Ds. MDP (Mornay) le Roux, mnr. EAB (Eli) van Niekerk.
 - Okahandja Ds. JJ (Pine) Pienaar, sr I (Issie) Liebenberg.
 - Pionierspark Di. AJJ (Dries) Burger, WHJ (Willie) Coetzee, JA, (André) Theron, JJ (Jacob) Schoeman, FJ (Erik) van Zyl, C (Clem) Marais, mnre. DE (Dian) Coetzee, F (Fouché) Brand, WE (Eddie) Holder, mee M (Dalene) Heydenrych, H (Hannelie) Viljoen.
 - Windhoek-Eros Dr. F (Fourie) van den Berg, di. JF (Johann) Serfontein, E (Ernst) Coetzee, me E (Elsabe) Horn, mnr. C (Corné) Janse van Rensburg.
 - Windhoek-Oos Di. HM (Hendrik) Koekemoer, NA (André) Louw, mnr. J (Jacques) Coetzer, me C (Christa) Louw.
 - Windhoek Dr. DA (Dirk) Louw, ds. MJN (Thijs) van der Merwe, mnr. VV (Vic) Hibbert, me WE Wanda Richter.
- 1.1.3 Die Erongo Ring** meld aan met 28 afgevaardigdes deur aan die sinode 'n belydenis te gee om uit te spreek. De Wet Strauss lei die sinode in 'n beurt-voorlees van Matteus 5 waar hy sekere dele en die sinode gesamentlik die “geseënd is...” refreine voorlees. Die volgende persone is teenwoordig:
- Academia Drr. JJdeW (De Wet) Strauss, JC (Jan) Woest, me H (Hilze) Strauss, mnr. E (Eddie) van der Merwe.
 - Hentiesbaai Ds. RM (Rudolf) Smit, ds. (emeritus) P (Paul) de Witt.
 - Suiderhof Di. EJ (Evert) Strydom, H (Hein) Schaaf, C (Christo) Swarts, mnre. N (Nico) de Klerk, W (Wessel) Louw, me N (Natasja) Louw.

- Swakopmund Ds. CJP (Christo) van den Heever , Dr. HB (Manus) Olivier, srr A (Alida) Nel, M (Martha) Schoeman.
- Usakos Srr AM (Anna) Keet , ES (Bets) van Wyk.
- Walvisbaai Ds. GP (Philip) Davids, mnr. DK (Dolf) Rossouw.
- Walvisbaai-Meersig Ds. PG (Peet) Poggenpoel, mnr. P (Pieter) van der Westhuizen.
- Walvisbaai-Noord Ds. B (Berrie) Holtzhausen, mnr. F (Fritz) Kottnitz.
- Windhoek-Wes Ds. RC (Richard) Becker, W (Wynand) Fourie, mee E (Esmé) Coetzee, T (Therése) Conradie.

1.1.4 Die **Noorde Ring** meld aan met 30 afgevaardigdes deur aan die sinode 'n gebed te gee om saam te bid. De Wet Mouton gaan die voor in gebed. Die volgende persone is teenwoordig:

- Grootfontein Ds. DJ (Dirk) de Vos, mnr. C (Chris) Smit.
- Kamanjab Di. PJ (Peet) van Zyl, J (Jason) Ngambue, me E (Elma) E van Zyl.
- Luhebu-Noord Mnr. P (Petrus) Kaimbi.
- Omaruru Ds. JP (Jaco) Rossouw, mnr. D (Dirk) van Niekerk.
- Otavi Ds. DWL (De Wet) Mouton, me P (Ponie) Etsebeth.
- Otjiwarongo Ds. HF (Hector) Jooste, mnre. B (Buffie) Kok, H (Hennie) de Waal, F (Fanie) Badenhorst.
- Outjo Ds. LC (Lukas) Coetzer, mnr. D (Deon) Verster.
- Rundu Sr GJE (Pietie) Grobbelaar, mnr. JP (Kobus) van Zyl.
- Tsumeb Ds. TJ (Johannes) de Koning, mnr. A (André) Hanekom.
- Tsumkwe Ds. HJ (Hendrik) van Zyl, mnr. L (Leviet) Kgao.
- Verre Noord Ds. RJ (Renier) Lourens, mnr. K (Kobus) Vermeulen.
- Wildevy Di. HJ (Hans) Steyn, JJV (Koos) Engelbrecht, mnre. A (Adolf) Tsam, G (Gabriël) Gariseb.
- Western Caprivi Mnre. A (Alfred) Marinda, J (Josef) Kapinga.

1.1.5 Die volgende lede van die begeleidingsgroep is adviserend teenwoordig en neem deel aan al die tafelgesprekke: me Charlotte von Wielligh en mnr. Deon Blaauw.

1.1.6 Dr. Frederick Marais is op uitnodiging teenwoordig as fasiliteerder van die prosesse.

1.1.7 Dr. Braam Hanekom (assessor Algemene Sinode) en ds. Marius Cornelissen (voorsitter Algemene Bevoegdheidsraad) besoek die sinode afwisselend.

1.1.8 Die sinode konstitueer met 114 stemgeregtigde afgevaardigdes

1.1.9 Ds. Pine Pienaar lei 'n aanbiddingsdiens ter opening van die sinode. Die teks kom uit Esegïel 47. Die volgende is 'n oorsig van sy boodskap.

Hy het aangesluit by die beeld van die water wat onder die tempel-deur uit syfer in hierdie hoofstuk. Dit is 'n teks wat reeds in Julie vanjaar, toe die dominees in konferensie saam was, as beeld van wat God van die kerk verwag na vore gekom het.

Die visioene van Esegïel wil die leser iets van die manier waarop God werk laat snap, het Pine gesê. God werk lewe-gewend, soos pragtig gesimboliseer deur die water wat uiteindelik selfs die Dooie See weer laat lewe. Daarom, sê Pine, moet 'n kerk wat vra na haar roeping, rekening hou met wie God is.

Esegïel 47 se waterstroom loop uit die tempel uit weg, die woestyn in. Sovêr as dit gaan, kom daar vrugbare bome op die oewers tot stand. Terwyl die water simbool is van die lewegewende God, is die bome die simbool van gemeentes wat uit die lewegewende water groei en vrug dra, tot seën van ander. "Ons is nie daar vir onself nie," het Pine beklemtoon. Daarom moet 'n kerk wat vra na haar roeping, rekening hou met God se plan vir die kerk.

Die visioen van Esegïel 47 staan binne die konteks van die ballingskap. Die volk is juis in die vreemde verstrooi omdat hulle hul teen die Here verset het, het Pine gesê. Hy het gewys op Esegïel 11:21 waar die Here sê: "Die wat die walglike, afskuwelike dinge bly doen, se dade sal op hulle eie kop afkom."

Daarom, sê Pine, moet ons ook rekening hou met die sonde wanneer ons na God se plan vra. "Ons het van nature 'n hart wat agter verkeerde goed wil aanloop," het hy gesê. "Ons kan nie agter daardie hart aanloop nie. Ons kan nie gemaklik raak en ons terugtrek in ons gemaksone nie."

Openbaring 22, waar verwys word na die rivier met die water van die lewe, tel weer die simboliek van Esegïel 47 op. Die Oorwinnaar sit in Openbaring 22 op die troon.

"Mag hierdie sinode, ons omgang met Hom en met mekaar, hemelse musiek vir Hom wees," het Pine gesê.

2. Onderskeidende ontmoeting met self en verbintenis aan mekaar (Liturgiese begeleidingsboek, p 13)

- 2.1 Frederick Marais, fasiliteerder van die sinode, neem saam met Johannes Maritz, die liturgiese leier, die leiding tydens hierdie sessie.
- 2.1.1 Johannes begelei die sinode deur 'n stil-word-gebed nadat die sinode die Here met oorgawe geloof het deur sang.
 - 2.1.2 Frederick neem oor en begelei die sinode in 'n interaktiewe proses waar om die tafels nagedink en gesels word oor die vraag: hoe het ek as gelowige hierdie jaar geleef?
 - 2.1.3 Hierna gaan die sinode in groepverband onderskeidend om met Kolossense 1:9-23.
 - 2.1.4 In 'n volgende rondte luister die groepe na die konteks waarbinne die 44 gemeentes leef en werk. Dit gebeur deurdat groeplede kans kry om oor die teksgedeelte te reflekteer teen die agtergrond van sy/haar eie konteks by die huis.
 - 2.1.5 Die groepe bespreek die Godsvraag: Wat kom ons agter waarmee is die lewende Here tans besig in Namibië en in ons gemeente?

Tweede sessie: Maandagoggend 5 November 2012, 08:30

3. Om in ootmoed voor God te staan – oor wie ons is en wat ons glo in die NGKN. Teologiese identiteit, geestelike helderheid en etiese verantwoordelikheid (Liturgiese begeleidingsboek, p 19)

- 3.1 Pine roep die sinode tot orde en verduidelik oorsigtelik die nuwe styl van sinode-hou. Hy gee geleentheid vir terugvoer oor die eerste sessie se afloop gister.
- 3.2 Dr. Braam Hanekom, onder-voorsitter van die Algemene Sinodale Moderamen, groet die sinode namens die algemene sinode. Die volgende is 'n oorsig van sy boodskap:

“Ons bid dat julle in liefde sal toeneem sodat julle sal kan onderskei waarop dit werklik aankom.”

Braam Hanekom, onder-voorsitter van die Algemene Sinode se moderamen, het hierdie woorde by Paulus geleen om die Namibiese sinode Dinsdagoggend mee te groet.

Daar word in die wandelgange baie oor die Algemene Sinode van die NG kerk gesê. Braam het onder andere verwys na 'n onlangse berig in die Sondagblad Rapport wat rapporteer het dat die NG Kerk op 'n verkeerde koers is. “In die harte van die algemene sinode se leierskap staan die Triniteit sentraal,” het Braam gesê. Hy sê die NG Kerk staan by sy belydenis oor die Skepper God wat in staat is om te herskep.

Die kerk bely Jesus Christus wat gekruisig is en waaragtig opgestaan het.

En die kerk bely die Heilige Gees. “Ons het ons belydenis oor die Heilige Gees teologies reg omskryf, maar ons het oor die algemeen nie ons radar-borde korrek opgestel om Hom op te tel terwyl Hy handelend onder ons besig is nie,” was Braam se kommentaar. Hy het die versugting uitgespreek dat die NG Kerk 'n pneumatologiese kerk sal wees – 'n kerk wat nie net 'n mooi belydenis oor die Heilige Gees het nie, maar 'n kerk wat leef vanuit die veranderende werk van die Gees.

Oor die NG kerk wat kwansuis mag verloor het in die jongste tyd, het Braam gesê dat mag verkeerd is. “Ons gesag kom direk van God af,” het hy gesê. “Moenie daaroor twyfel nie.” Hy het die sinode daaraan herinner dat ons nie met mag hier in Namibië woon en werk nie, maar met die gesag van die drie-enige God.

Braam het sy groet-woord met 'n 3-d-boodskap afgesluit.

Diepte en dissipelskap is die eerste d. Hy sê daar waai tans 'n wind oor die kerklike toneel wat sê: “nie wyer nie, maar dieper.” Hy sê die NG Kerk sit nog met die reste van 'n volkskerk wat sonder diep wortels sal wegwaai as die storms oor haar woed.

In die teologie is die gonswoord deesdae: clarity. Daarom is duidelikheid (helderheid) sy tweede d. Daar moet duidelikheid oor die doel, waardes en prioriteite van die kerk kom. “Mag die Gees ons lei om helder en duidelik te wees in 'n tyd van stormwinde,” was sy versugting.

Dissipline was sy laaste d. Uit navorsing blyk dit dat die verskil tussen instansies wat oorleef en wat ondergaan, die teenwoordigheid van dissipline was. Daarmee, sê Braam, bedoel hy nie konserwatisme nie, maar konsekwentheid.

- 3.3 Die sinode gaan vervolgens in die luister-siklus in, afwisselende begelei deur die liturgiese leier (Johannes) en fasiliteerder (Frederick). Dr. Jan Woest lei die tema ter aanvang oorsigtelik in.

- 3.4 Die luister-siklus volg die patroon van 'n stilword-gebed, lees van die Bybel (waar groeplede elkeen kans kry om 'n teks wat sins/hares insiens lig werp op die onderwerp), luister na die lewe (in die vorm van 'n digitale voordrag opgestel deur Jan Woest wat grafies verskillende stemme wat na die kerk toe kom insake haar identiteit voorstel) en nadenke oor 'n Godsvraag (wat verwag die Here van sy gemeentes om prakties in omstandighede soos hierdie te doen?). In die proses sing die sinode baie tussenin.

Die volgende is 'n samevatting van wat die groepe op die werkblaai aangeteken het in die gesprek oor die onderwerp. Vanweë praktiese omstandighede was dit nie moontlik om dit punt vir punt goed te keur nie. 'n Beperkte vloer-gesprek het aangetoon dat daar moontlik ook alternatiewe stelwyses vir van die punte kan wees en lede is aangemoedig om sulke voorstelle aan dr. Jan Woest beskikbaar te stel. Hy sal dit inkorporeer in die uitkomst. Hoewel hiermee nie alles gesê is oor die betrokke onderwerp nie, en dit nie noodwendig tot bevrediging van elke lid van die sinode geformuleer is nie, verteenwoordig hierdie die breë trant van wat die sinode gehoor het en waartoe die sinode gemeentes en lidmate oproep.

3.5 Oor geestelike en teologiese identiteit in ons dag en tyd hoor die sinode...

- 3.5.1 Jesus Christus, die Gekruisigde, Opgestane en Lewende alleen is die Here van sy kerk;
- 3.5.2 Volkome fokus op, onverdeelde toewyding aan en verdiepte verhouding met Christus gee identiteit aan gelowiges en die kerk om as gedissiplineerde dissipels te leef;
- 3.5.3 Daar is baie stemme en bewegings wat die geloof-identiteit van die kerk aantast;
- 3.5.4 God het sy mense lief en glo in ons om die gesindheid van Christus te leef;
- 3.5.5 Die identiteit van die kerk is ten diepste 'n positiewe liefdesidentiteit, want ons is verkondigers van Christus en nie verdedigers of apologete nie.

3.6 Die sinode roep lidmate en gemeentes op om hulle opnuut te verbind aan...

- 3.6.1 **Oortuigings:** Die liefdesidentiteit van die NGKN is in die Here van die kerk, Jesus Christus, alleen te vind – fokus altyd en in alles op Hom alleen.
- 3.6.2 **Prioriteite:** Om in eenvoudige vertrouwe op en met die gesindheid van Christus te dink, te praat en te doen.
- 3.6.3 **Prosesse:** Om die fokus op Christus se redding, liefde, troos en genesing met gesag en oortuiging in gemeenskappe te verskerp.
- 3.6.4 **Aktiwiteite:**
 - 3.6.4.1 Suiwer en oortuigende Woordverkondiging;
 - 3.6.4.2 gasvry getuig;
 - 3.6.4.3 gedissiplineerde toewyding;
 - 3.6.4.4 liefdevolle diens.

Derde sessie: Maandagmiddag 5 November 2012, 14:30

4. Om in afhanklikheid van God te leef – oor rykdom, armoede en 'n regverdige lewenswyse (Liturgiese begeleidingsboek, p 23)

- 4.1 Die sessie word ingelui met lofsang en aanbidding onder leiding van die liturgiese leier en die begeleidingspan.
- 4.2 Die luister-siklus volg dieselfde patroon as die vorige twee sessies s'n.
- 4.3 By die “Luister na die lewe (konteks)”-punt, lewer Braam Hanekom 'n inset deur 'n digitale voordrag onder die tema “Armoede en Hoop.”
 - 4.3.1 Hy wys op die volgende statistiek:
 - 4.3.1.1 50% van die wêreld (3 biljoen) oorleef op minder as \$2 per dag – R432 per maand?
 - 4.3.1.2 40% het 5% van inkomste - 20% het 75%.
 - 4.3.1.3 Minder as 1% van wat die wêreld op wapens spandeer nodig om elke kind in 'n skool te kry.
 - 4.3.1.4 50% van wêreld se bevolking leef nou in stede – “slums”.

- 4.3.1.5 Die BBP van die 41 armste lande in die wêreld is minder as die gekombineerde welvaart van die 7 rykste mense op aarde.
- 4.3.1.6 20% van die bevolking in ontwikkelende lande gebruik 86% van die wêreld se verbruikersgoedere.
- 4.3.1.7 75% van kinders in SA tussen 0-17 leef onder die aanvaarbare armoedelyn.
- 4.3.1.8 Fetale Alkohol Sindroom (FAS) bied enorme uitdagings.

4.3.2 Hy wys op enkele aspekte wat van kritiese belang is in die gesprek oor armoede.

4.3.2.1 Onderwys:

4.3.2.1.1 Van elke 100 leerlinge wat in die skoolstelsel inkom, maak net 40 dit tot graad 12; slegs 28 kom deur; slegs 4 skryf in vir tersiêre opleiding, slegs 1 gradueer.

4.3.2.1.2 In 2009 is 24,460 skole in die RSA geassesseer. Van hulle...

4.3.2.1.2.1 het 10% van die skole nie 'n bron van water op of naby die skoolkampus gehad nie;

4.3.2.1.2.2 het 77% nie 'n rekenaarsentrum nie;

4.3.2.1.2.3 het 15% nie elektriese krag op of naby die skool nie;

4.3.2.1.2.4 het 4% geen toilette op die perseel nie;

4.3.2.1.2.5 het 79% geen biblioteekgeriewe nie.

4.3.2.2 Denke en waardes:

4.3.2.2.1 Hy verwys na Moeder Teresa se bekende uitspraak: "Ons kan nie groot dade doen nie, maar slegs klein dade met groot liefde." Hy verwys na Sag 4:10: "Moenie die dag van die klein dingetjies gering ag nie. Die mense sal bly wees wanneer hulle sien Serubbabel gaan aan met die bouwerk..."

Die volgende is 'n samevatting van wat die groepe op die werkblaaie aangeteken het in die gesprek oor die onderwerp. Vanweë praktiese omstandighede was dit nie moontlik om dit punt vir punt goed te keur nie. 'n Beperkte vloer-gesprek het aangetoon dat daar moontlik ook alternatiewe stelwyses vir van die punte kan wees en lede is aangemoedig om sulke voorstelle aan dr. Jan Woest beskikbaar te stel. Hy sal dit inkorporeer in die uitkomst. Hoewel hiermee nie alles gesê is oor die betrokke onderwerp nie, en dit nie noodwendig tot bevrediging van elke lid van die sinode geformuleer is nie, verteenwoordig hierdie die breë trant van wat die sinode gehoor het en waartoe die sinode gemeentes en lidmate oproep.

4.4 Oor armoede in ons samelewing hoor die sinode...

4.4.1 Die omvang van armoede, gebrek en nood in Suider-Afrika en Namibië stel 'n dringende uitdaging aan die adres van gelowiges in Christus;

4.4.2 Armoede breek die waardigheid van mense wat God se beeldraers is, af;

4.4.3 Rassisme is een van die wortel-oorsake van armoede;

4.4.4 Armoede vernietig die potensiaal van die volgende generasies omdat kinders swaar daaronder ly;

4.4.5 God sorg vir mense om genoeg te hê, om ook vir ander te kan gee, te help en dien met sy gawes;

4.4.6 Verantwoordelike rentmeesterskap met tyd, geld en gawes is deel van gehoorsame dissipelskap van Christus.

4.5 Die sinode roep lidmate en gemeentes op om hulle opnuut te verbind aan...

4.5.1 Oortuigings:

4.5.1.1 Mense is God se beeldraers en daarom kosbaar en waardevol in sy oë;

4.5.1.2 Armoede is nie 'n vloek en lot waaronder mense moet ly en vergaan nie;

4.5.1.3 Christus se gemeentes is agente van God se Koninkryk om armoede en ellende te bestry en te bekamp;

4.5.1.4 Armoede in die vele gestaltes daarvan is die simptoom van 'n baie ernstiger siekte in samelewingsisteme;

4.5.1.5 Wanneer mense se denke oor God, die lewe en self begin verander, word armoede se wortels afgesny.

4.5.2 Prioriteite:

4.5.2.1 Om God se seën aan armes en noodlydendes deur te gee;

- 4.5.2.2 Om in volle vertroue op God en toewyding aan Christus die probleem van armoede sistemies en holisties in die gemeenskappe in Namibië te bekamp;
- 4.5.2.3 Om aktiewe voltydse draers en stigters van hoop te wees;
- 4.5.2.4 Om nie die tyd en geleenthede vir die klein dingetjies verby te gaan of gering te skat nie, maar ten volle te benut.

4.5.3 Prosesse:

- 4.5.3.1 Konsentreer op en raak persoonlik betrokke by volhoubare prosesse om mense se waardigheid, denke, potensiaal en vermoëns te ontwikkel en te help verander;
- 4.5.3.2 Ontwikkel offervaardigheid t.w.v. diens en sorg en nie net oorlewing nie.

4.5.4 Aktiwiteite:

- 4.5.4.1 Identifiseer kernoorsake van armoede in gemeenskappe bv. alkohol, werkloosheid, ongeletterdheid;
- 4.5.4.2 Stel effektiewe strategieë op en in werking om oorsake van armoede aan te spreek en nie slegs simptome te behandel nie;
- 4.5.4.3 Help ten minste 20 persone soos pa's, ma's, broodwinners, kleuters, jeugdige per jaar om met nuwe menswaardigheid en denke te begin leef;
- 4.5.4.4 Betaal werknemers nie minimum, maar menswaardige lone.

Maandagaand word 'n verhelderingsgesprek oor die voorgestelde wysiginge aan die bepalings en reglemente gehou. Alle lede wat daarin belangstel en daarby belang het, word genooi om teenwoordig te wees. 'n Versoek dat alles deeglik deurgepraat sal word by hierdie sessie, insluitende die formulering van moontlike amendemente, sodat die aanbevelings van die sinodale regs kommissie more as 'n eenheid aan die vergadering voorgelê kan word vir goedkeuring.

Vierde sessie: Dinsdagoggend 6 November 2012, 08:30

5. Om God te vertrou – oor heelheid, vrede en versoening (Liturgiese begeleidingsboek, p 33)

- 5.1 Die sessie word ingelui met lofsang en aanbidding onder leiding van die liturgiese leier en die begeleidingspan.
- 5.2 Die luister-siklus volg dieselfde patroon as die vorige drie sessies s'n.
- 5.3 In die "luister na die lewe"-moment kyk die sinode na 'n digitale voordrag voorberei deur Jan Woest.

Die volgende is 'n samevatting van wat die groepe op die werkblaaie aangeteken het in die gesprek oor die onderwerp. Vanweë praktiese omstandighede was dit nie moontlik om dit punt vir punt goed te keur nie. 'n Beperkte vloer-gesprek het aangetoon dat daar moontlik ook alternatiewe stelwyses vir van die punte kan wees en lede is aangemoedig om sulke voorstelle aan dr. Jan Woest beskikbaar te stel. Hy sal dit inkorporeer in die uitkomst. Hoewel hiermee nie alles gesê is oor die betrokke onderwerp nie, en dit nie noodwendig tot bevrediging van elke lid van die sinode geformuleer is nie, verteenwoordig hierdie die breë trant van wat die sinode gehoor het en waartoe die sinode gemeentes en lidmate oproep.

- 5.4 **Oor reg en versoening in 'n samelewing met spanning, konflik en verdeeldheid hoor die sinode...**
 - 5.4.1 Dat Christus ons vrede is en die middelmure van vyandskap tussen mense afgebreek het en steeds afbreek en die boodskap aan Efesiërs ook vandag gehoor en geglo word;
 - 5.4.2 Dat Christus se gemeentes geroep word om die negatiewe dinge van die verlede te los en na die nuwe toekoms saam met God en mekaar aan te beweeg;
 - 5.4.3 Dat onreg, vyandigheid en gierigheid in vele gestaltes groot uitdagings aan Christus se liggaam stel;
 - 5.4.4 Dat God goeie bedoelings vir sy mense en kerk het;
 - 5.4.5 Dat Christus die bediening en getuie van die versoening, geregtigheid en vrede aan sy kerk toevertrou het;
 - 5.4.6 Dat eenheid en heelheid in Christus die werklikheid en roeping vir sy kerk is.
- 5.5 **Die sinode roep lidmate en gemeentes op om hulle opnuut te verbind aan...**
 - 5.5.1 **Oortuigings:**

- 5.5.1.1 God gee aan sy kerk kanse om reg, waarheid, eenheid en vrede na te streef en te vestig;
- 5.5.1.2 Christus se gemeente is die enigste ware alternatief vir 'n spanningsvolle samelewing;
- 5.5.1.3 Christus het gebid en verlang dat sy gemeentes in eensgesindheid, liefde en vrede sal lewe;
- 5.5.1.4 Eenheid, versoening en geregtigheid kan net in en deur Jesus Christus se offervaardige liefde waarlik geleef word.

5.5.2 Prioriteite:

- 5.5.2.1 Om die bediening van die versoening as gawe van Christus te omhels en daadwerklik te doen;
- 5.5.2.2 Om voortdurend as “makers van God se vrede” te dink, te praat en te doen;
- 5.5.2.3 Om te strewe na eenheid, geregtigheid en versoening in geloofsgemeenskappe en in Namibië.

5.5.3 Prosesse:

- 5.5.3.1 Deelname aan en bevordering van gesprekke en luister geleenthede t.w.v. heelheid en geregtigheid;
- 5.5.3.2 Strewe na vestiging van begrip, waarheid, versoening en liefde tussen mense, groepe en gemeenskappe in Namibië;
- 5.5.3.3 Erkenning, waardering en bevestiging van die menswaardigheid en geloofwaardigheid van alle mede-gelowiges in Namibië.

5.5.4 Aktiwiteite:

- 5.5.4.1 Stig en bou steeds uit aan gemeenskapsforums t.w.v. reg, begrip en versoening tussen mense en groepe;
- 5.5.4.2 Verkondig onverskrokke God se wil van liefde, reg en eensgesindheid;
- 5.5.4.3 Neem deel aan prosesse ter bevordering van die belydenis van eenheid, geregtigheid en versoening as wesenlike deel van die lewe van die kerk.

Vyfde sessie: Dinsdagmiddag 6 November 2012, 14:30

6. Om van God alleen te verwag – toerusting, vorming sorg en geloofsverdieping (Liturgiese begeleidingsboek, p 29)

- 6.1 Die sessie word ingelui met lofsang en aanbidding onder leiding van die liturgiese leier en die begeleidingspan.
- 6.2 Die luister-siklus volg dieselfde patroon as die vorige vier sessies s'n.
- 6.3 In die “luister na die lewe”-moment kyk die sinode na 'n digitale voordrag voorberei deur Jan Woest.

Die volgende is 'n samevatting van wat die groepe op die werkblaaie aangeteken het in die gesprek oor die onderwerp. Vanweë praktiese omstandighede was dit nie moontlik om dit punt vir punt goed te keur nie. 'n Beperkte vloer-gesprek het aangetoon dat daar moontlik ook alternatiewe stelwyses vir van die punte kan wees en lede is aangemoedig om sulke voorstelle aan dr. Jan Woest beskikbaar te stel. Hy sal dit inkorporeer in die uitkomst. Hoewel hiermee nie alles gesê is oor die betrokke onderwerp nie, en dit nie noodwendig tot bevrediging van elke lid van die sinode geformuleer is nie, verteenwoordig hierdie die breë trant van wat die sinode gehoor het en waartoe die sinode gemeentes en lidmate oproep.

6.4 Oor toerusting, vorming en verdieping hoor die sinode dat...

- 6.4.1 Lidmate gevorm moet word as gehoorsame dissipels, leerders en doeners van Jesus Christus se voorbeeld en sy evangelie;
- 6.4.2 Lidmate behoort te lewe in opregtheid, nederigheid en afhanklikheid naby aan Christus;
- 6.4.3 Christus se mense in geestelike volwassenheid voor en saam met Hom kan leef en dien;
- 6.4.4 Vorming van Christus se karakter en gesindheid in sy mense se lewens behoort deur te werk.

6.5 Daarom roep die sinode lidmate en gemeentes op om hulle opnuut te verbind aan:

6.5.1 Oortuigings:

- 6.5.1.1 Die Lewende Here self verander en vorm mense in hulle gees en gemoed om al hoe meer aan die beeld van Christus gelyk te word;

6.5.1.2 Dat God aan sy gemeentes en mense die gawe van sy Gees gee sodat hulle as instrumente van Christus se liefde mekaar en ander kan vorm en toerus om bewustelik verantwoordelikheid te aanvaar om as geestelike heel mense die volheid van die evangelie te leef as sy dissipels;

6.5.1.3 God gee steeds aan die kerk ontsaglike baie kanse en geleenthede om dissipels te vorm en te leer.

6.5.2 Prioriteite:

6.5.2.1 Om geestelike verdieping en dissipelvorming as opdrag tot volwassewording in Christus voort-durend na te streef en in sy gemeentes en wyer uit te voer;

6.5.2.2 Om Christus se roeping en opdrag om sout vir die aarde en lig vir die wêreld te wees, konkreet en prakties te gehoorsaam in ons elke dag se lewe;

6.5.2.3 Om toegewyd, lojaal, diensbaar en liefdevol aan alle mense en veral die jeug die evangelie van Christus se liefde te kommunikeer en hulle te vorm tot geestelik volwasse mense in Christus.

6.5.3 Prosesse:

6.5.3.1 Waarin die lees van en luister na die Bybel, gebed en geestelike dissiplines met toewyding beoefen word;

6.5.3.2 Waarmee luister, onderskeiding, verdieping en geestelike groei by kinders van God bevorder en gevestig word;

6.5.3.3 Waardeur emosioneel gesonde geestelikheid versterk en uitgebou word in jongmense en ouer mense se lewens.

6.5.4 Aktiwiteite:

6.5.4.1 Aanleer en beoefening van geestelike dissiplines;

6.5.4.2 Bybelskole, retraites, kursusse en gefokusde groepsaktiwiteite waartydens geestelike vorming en verdieping plaasvind;

6.5.4.3 Toepaslike prediking en studiereekse oor geestelike heling en volwassewording vir die verskeidenheid van lidmate.

Knap voor afsluiting vra Clem Marais geleentheid om 'n idee oor die verkiesing van die moderamen wat na aanleiding van 'n gesprek tydens die verhelderingsgesprek gisteraand, sowel as gewaarwordinge deur die loop van die dag by 'n paar lede van die vergadering ontstaan het. Die idee word in die vorm van 'n voorstel soos volg aan die sinode voorgehou:

1. Die sinode besluit om die proses van saam-luister wat tot hier gevolg is, ook te gebruik wanneer die sinodale leierskap aangewys word.
2. Omdat dit afwyk van die voorskrifte van die bepaling, besluit die sinode om vrystelling te verleen van die administratiewe bepalinge oor HOE die moderatuur en moderamen verkies word.
3. Die sinode besluit om die twee spesialis posisies in die moderamen, die van skriba en aktuaris, self te verkies ter vergadering.
4. Die sinode versoek die verteenwoordigers van ringe om deur 'n proses van onderskeiding elk 3 persone te nomineer om saam met die 2 verkose lede in die moderamen te dien.
5. Die sinode dra dit aan die algemene sekretaris op om die eerste vergadering van die moderamen byeen te roep, by welke geleentheid die moderamen self 'n voorsitter en onder-voorsitter verkies. Hierdie 2 persone vorm saam met die 2 verkose lede die dagbestuur van die moderamen.
6. Die sinode versoek die moderamen om wysigings aan die bepalinge voor te berei wat hierdie manier van doen in die toekoms moontlik te maak.
7. Die sinode dra dit aan die moderamen op om die twee spesialis-diensgroepe (administrasie en regte) saam te stel.
8. Die sinode versoek die verteenwoordigers van ringe om deur 'n proses van onderskeiding die mees geskikte persoon vir onderskeidelik die diensgroep van diens-en-getuie en gemeentebegeleiding te nomineer.

Pine reël dat die saak nie bespreek word nie, maar oorstaan tot more.

Vanaf 17:00 Dinsdagmiddag neem die Erindi-personeel die sinode op 'n wilbesigtiging toer. Daarna word die sinode bederf met 'n heerlike snoek- en skaapbraai.

Sede sessie: Woensdagoggend 7 November 2012, 08:30

7. Oopening en praktiese reëlings

- 7.1 Pine roep die sinode tot orde en tref praktiese reëlings oor die verloop van die oggend. Hoewel dit nie slaafs gevolg word nie, verloop die oggend breedweg aan die hand van p 37 van die liturgiese begeleidingsboek.
- 7.2 Johannes en die begeleidingspan lei die sinode in 'n kort sessie van lof en aanbidding.
- 7.3 Die volgende sake word tydens hierdie sessie afgehandel:
- 7.3.1 Goedkeuring van verslae 1, 2 en 3 in die inligtingsboek.
 - 7.3.2 Verkiesing van moderatuur en moderamen.
 - 7.3.3 Goedkeuring van uitkomste van die onderskeidingsgesprekke soos verwerk uit die werkblaaie en voorgelê deur Jan Woest.
 - 7.3.4 Voordrag van ds. Marius Cornelissen van die Algemene Bevoegdheidsraad.

8. Verkiesing van moderatuur en moderamen

- 8.1 Nadat dit aan die lig gekom het dat daar by sommige ontevredenheid is oor beide die prosedure wat gevolg is en die inhoud van Clem se inset oor leierskap gistermiddag, versoek hy dat die saak liever nie hier verder gevoer moet word nie. Pine reël dit so.
- 8.2 Hoewel die verkiesing deur die loop van die hele oggend verloop het, word dit hier as 'n eenheid genotuleer.
- 8.3 **Moderatuur**
- 8.3.1 **Moderator**
 - 8.3.1.1 Die volgende persone word genomineer: Pine Pienaar, Johannes Maritz, Fourie van der Berg, Jan Woest, Thijs van der Merwe, Andre Olivier, Johann Serfontein, Wessel Oosthuizen, Gerhard Buys, De Wet Strauss, Andre Louw, Hendrik van Zyl, Evert Strydom, Hein Schaaf.
 - 8.3.1.2 Ná 'n eerste stemming bly die volgende op die groslys oor: Pine Pienaar, Johannes Maritz, Fourie van den Berg, Jan Woest.
 - 8.3.1.3 In 'n tweede stemming word uitgestem tussen Pine Pienaar en Johannes Maritz. Pine Pienaar verenig 59% van die stemme op hom en word herkies as moderator.
 - 8.3.2 **Assessor**
 - 8.3.2.1 Die volgende persone word genomineer vir die posisie: Johannes Maritz, Fourie van den Berg, Johan Serfontein, Thijs van der Merwe, André Olivier, Hendrik van Zyl.
 - 8.3.2.2 Johannes Maritz verenig 58% van die stemme op hom en word verkies tot assessor.
 - 8.3.3 **Skriba**
 - 8.3.3.1 Clem Marais word onbestrede verkies tot skriba.
 - 8.3.4 **Aktuaris**
 - 8.3.4.1 Die volgende lede word genomineer: Hendrik van Zyl, Thijs vd Merwe, Fourie vd Berg, Wessel Oosthuizen, De Wet Mouton, Andre Olivier, Gerhard Buys, Hendrik Koekemoer.
 - 8.3.4.2 Met 58% stemme op hom verenig word Hendrik van Zyl herkies as aktuaris.
 - 8.3.5 **Addisionele lede**
 - 8.3.5.1 Fourie van den Berg en Fouché Brand word verkies as addisionele lede tot die moderatuur.
- 8.4 **Moderamen**
- 8.4.1 Die verteenwoordigers uit die vier ringe kry geleentheid om bymekaar te kom en elk primarii en sekundi lede vir moderamen aan te wys vir nominasie.
 - 8.4.2 Die sinode keur die volgende nominasies goed en stel die moderamen só saam:
 - 8.4.2.1 **Erongo Ring:** Dr. De Wet Strauss (p), ds. Philip Davids (s); mnre. Pieter vd Westhuizen (p), Wessel Louw (s).

- 8.4.2.2 **Suide Ring:** Di. Wessel Oosthuizen (p), Gustav Pansegrouw (s); mnre. Recht vd Westhuizen (p) en Chris Smit (s).
- 8.4.2.3 **Ooste Ring:** Drr. André Olivier (p), Dirk Louw (s); mnre. Jacques Coetzer (p), De Lange Kotze (s).
- 8.4.2.4 **Noorde Ring:** Di. Lukas Coetzer (p), Johannes de Koning (s); mnre. Dirk van Niekerk (p), Fanie Badenhorst (s).

9. Verslag 1: moderamen

Die sinode neem kennis van die verslag as geheel en keur dit goed.

10. Verslag 2: diensgroep vir administrasie

Die sinode neem kennis van die verslag as geheel en keur dit goed. Daarmee is die aanbeveling dat die sinodale kollekte vir die Algemene Bedieningsfonds vervang word met 'n kollekte vir EcsOS ook goedgekeur.

11. Verslag 3: sinodale regs kommissie

Die sinode neem twee amendemente wat spruit uit die verhelderingsgesprek in ontvangs (een oor wie lidmate van die gemeente is (bepaling 2.2.2) en die ander oor die aanwysing van verteenwoordigers by kuratoria (bepaling 35.2.6.1)) en keur dit saam met die res van die aanbevelings soos volg goed.

11.1 Wysiging aan bepaling

Die sinode keur die volgende wysigings aan bepaling goed. Slegs bepaling wat gewysig is word hier aangestip.

11.1.1 Bepaling 2.1.1

2.1.1 Die Kerkverband van die Ned Geref Kerk in Namibië sluit in al die gemeentes van die Kerk wat binne die geografiese grense van Namibië geleë is, met uitsondering van die gemeente Zambezi te Katima Mulilo. Hierdie gemeentes behoort tot die kerkverband op grondslag van die aanvaarde belydenis, Kerkorde en Aanvullende Bepalinge en Reglemente van die Ned Geref Kerk in Namibië.

11.1.2 Bepaling 2.1.3

2.1.3 Grenswysiging en naamsveranderinge van gemeentes geskied deur (die) ring(e), met kennisgewing aan die skriba van die moderamen en die Kerkbode met die oog op publikasie.

11.1.1 Bepaling 2.2.2 (Amendement wat spruit uit die verhelderingsgesprek)

Voeg 'n nuwe bepaling 2.2.2 soos volg by en pas numerering aan: 2.2.2 belydende lidmate uit ander kerkverbande met volle lidmaatregte (sien 2.9) wat in buitengewone omstandighede tydelik (per reisattestaat/getuigskrif) lid wil word van die gemeente omdat daar geen gemeente vir hulle bestaan waar hulle kan assosieer nie.

11.1.2 Bepaling 2.3 Duur van Lidmaatskap

2.3 Beëindiging van Lidmaatskap

2.3.1 'n Persoon in Bep 2.2 beskrywe, bly 'n lidmaat van die gemeente waar hy assosieer totdat hy hom met 'n ander gemeente assosieer;

2.3.2 'n Persoon in Bep 2.2 beskrywe se lidmaatskap word beëindig indien:

2.3.2.1 hy skriftelik by die plaaslike gemeente bedank en die bedanking deur die kerkraad aanvaar is;

2.3.2.2 die kerkraad bewus word dat hy hom van die gemeente afgeskei het deur gedrag of andersins;

2.3.2.3 hy langs die weg van die kerklike tug, en na raadpleging van die ring, van die gemeente afgesny is en die kerkraad dit aan die gemeente bekend maak en in die register aangeteken het (Vorm 1.9)

11.1.3 Bepaling 2.4 Lidmate wat verhuis

'n Lidmaat wat verhuis:

2.4.1 staan onder die opsig en tug van die kerkraad van die gemeente waar hy assosieer;

2.4.2 moet sy lidmaatskap binne ses maande indien by die nuwe gemeente waar hy assosieer;

2.4.4 verbeur alle lidmaatsregte in die gemeente(s) waar hy voorheen geassosieer het, selfs al staan sy lidmaatskap nog daar aangeteken.

11.1.4 Bepaling 7.3 Beroeping / Uitstel van Beroep

7.3.1 Wanneer 'n vakature ontstaan, of skriftelik kennis ontvang is dat 'n vakature sal ontstaan, moet die kerkraad so spoedig moontlik 'n beroep uitbring, met dien verstande dat die beroepsbrief meld wat die vroegste datum van diensaanvaarding sal wees

7.3.2 Indien 'n beroep nie binne drie maande na ontstaan van die vakature of die bedanking van 'n beroep uitgebring kan word nie, moet die toestemming van die ring/ringskommissie gevra word.

11.1.5 Bepaling 7.4 Wie is Beroepbaar?

7.4.1 Slegs bedienaars van die Woord en proponente wat deur die Algemene Bevoegdheidsraad tot die bediening toegelaat is, is beroepbaar.

7.4.2 Indien 'n beroep ongeldig verklaar word op grond van die feit dat die beroepende kerkraad vooraf onbehoorlik beïnvloed is, mag die betrokke beroepene nie weer vir dieselfde vakature genomineer word nie.

11.1.6 Bepaling 7.7 Vaste Termynposte

Vergelyk Reglement vir Vaste Termynposte.

11.1.7 Bepaling 7.8 Pligte van Voorsitter in verband met Beroeping

7.8.7 Stuur, nadat goedkeuring vir die beroep van die gemeente en die ring/ ringskommissie verkry is, onverwyld die beroepsbrief / konsepdienssooreenkoms aan die beroepene, en versoek hom om ontvangs daarvan sonder versuim te erken en om binne een week na ontvangs van die beroepsbrief/konsepdienssooreenkoms skriftelik aan te dui of hy die beroep aanvaar/ bedank of verder oor die dienssooreenkoms wil onderhandel. Hierdie onderhandelinge moet binne 'n redelike tydperk afgehandel word.

7.8.8 Indien die beroepene 'n werkpermit benodig om in Namibië te werk moet hy in kennis gestel word om nie demissie uit sy vorige werkkring te neem alvorens hy nie in besit van 'n wettige werkpermit is nie.

11.1.8 Bepaling 8.2 Demissie

8.2.1 Indien 'n Bedienaar van die Woord 'n beroep aanneem, stel hy die voorsitter van die kerkraad of die konsulent van die gemeente waaraan hy tot dusver verbonde was skriftelik in kennis. Die kerkraad van genoemde gemeente ontslaan hom by 'n kerkraadsvergadering van sy betrekking in die gemeente, en oorhandig aan hom 'n Akte van Demissie, in duplikaat, onderteken deur die voorsitter en die skriba van die vergadering wat demissie verleen. Een afskrif van die Akte word aan die vertrekkende bedienaar van die Woord oorhandig, en die ander word in die gemeente-argief bewaar. Die Akte van Demissie dien ook as sy attestaat. (Kyk Vorm 2.3).

11.1.9 Bepaling 8.3 Bevestiging

8.3.2 Die bevestiging geskied deur 'n plaaslike bedienaar van die Woord of die konsulent van die gemeente, of deur 'n bedienaar van die Woord van 'n gemeente binne die ringsverband wat langs die ordelike weg daartoe versoek is en wel nadat die volgende stukke deur die beroepende kerkraad aan die voorsitter/ skriba van die ringskommissie voorgelê is en die ringskommissie bevestig het dat aan al die toepaslike vereistes voldoen is, te wete:

8.3.2.3 'n verklaring van die Pensioenfonds dat die te bevestigde bedienaar van die Woord se pensioen in orde is (geen verklaring word vereis by die ordening van proponente nie);

8.3.2.5 verkryging van 'n wettige werkpermit indien van toepassing.

11.1.10 Bepaling 8.4 Prosedure na Bevestiging

8.4.1 Die konsulent moet onmiddellik na bevestiging

8.4.1.2 aan die aktuaris van die sinode, in geval die bevestigde 'n proponent is, die Akte van Legitimasie deurstuur met vermelding van die datum van die bevestiging, die naam van die gemeente en die ringsverband en die name van die bedienaars van die Woord wat aan die handoplegging deelgeneem het;

8.4.1.3 aan die sinodale kantoor kennis gee van die bevestiging, met die oog op aanstelling as huweliksbevestiger. Die volgende gegewens moet vermeld word...:

8.4.1.3.4 paspoortnommer

8.4.1.3.5 identiteitsnommer

8.4.1.3.6 gesertifiseerde afskrifte van sertifikate van hoogste opvoedkundige kwalifikasies

8.4.1.3.7 naaste landdroskantoor

8.4.1.3.8 die streek waarvoor aansoek gedoen word (bv Auas, Karas, ens.)

8.4.1.3.9 getal gedoopte lidmate van die gemeente wat deur die applikant as huweliksbevestiger bedien sal word,

8.4.1.3.10 afskrif van paspoort sowel as werkspermitstempel waar van toepassing.

8.4.2 Na ontvangs van die Akte van Legitimasie (Bep 8.4.1.2), reik die aktuaris 'n Akte van Bevestiging uit op die voorgeskrewe vorm (Vorm 2.1) en stuur 'n afskrif aan die Algemene Bevoegdheidsraad.

11.1.11 Bepaling 10: Ampsbevoegdheid in plaaslike gemeentes

10.1 Slegs persone wat deur die Algemene Bevoegdheidsraad tot die bediening toegelaat is (Arts 5, 6) en teologies studente wat daarvoor kwalifiseer, mag, met die verlof van die kerkraad, die funksies van 'n bedienaar van die Woord verrig in 'n gemeente van die Ned Geref Kerk in Namibië, met inagneming van Art 48.3.4

10.2 Wanneer 'n gemeente vir 'n bepaalde tyd uitstel van beroeping van die ring / ringskommissie verkry en sodanige gemeente iemand met bevoegdheid van Bedienaar van die Woord in 'n vaste termynpos aanstel, of 'n meerkoppige gemeente iemand met bevoegdheid van Bedienaar van die Woord in 'n vaste termynpos aanstel om 'n bepaalde kop van die gemeente te bedien, mag die ring / ringskommissie toestemming aan sodanige bedienaar van die Woord verleen om vir die tydperk van die kontrak leiding te neem by die aflegging van geloofsbelydenis (vgl. Bep. 50.3.1), op voorwaarde dat die lidmaatskap van die betrokke bedienaar van die Woord eers in die lidmaatregister van die gemeente aangeteken is.

11.1.12 Bepaling 11: Bedanking as bedienaar van die Woord

11.1 Indien 'n bedienaar van die Woord besluit om uit die bediening te bedank, moet hy handel volgens die voorskrifte van die Reglement vir die reëling van die bevoegdheid van Bedienaars van die Woord, proponente en emeriti.

11.2 By bedanking van 'n Bedienaar van die Woord uit die bediening gee die konsulent onmiddellik skriftelik kennis aan die aktuaris. 'n Fotokopie van die bedankingsbrief en 'n verduideliking van die omstandighede by bedanking, asook die Akte van Legitimasië indien die oorspronklike dokument nie reeds by die aktuaris ingehandig is nie, moet ingesluit word.

11.3 Aan 'n bedienaar van die Woord wat uit die bediening bedank het, word geen akte van demissie uitgereik nie.

11.1.13 Bepaling 13: Versorging van bedienaars van die Woord

13.1 Lewensonderhoud

13.1.1 Oor die vergoedingspakket van 'n bevestigde bedienaar van die Woord word ooreengekom deur die betrokke kerkvergadering en die bedienaar van die Woord. Die rigskaal vir bedienaar van die Woord wat jaarliks deur die sinode voorsien word, dien as riglyn vir kontantvergoeding.

13.3.1 Werknemers wat nie deur middel van 'n gade dekking geniet onder 'n NAMA-geregistreerde privaat mediese fonds nie, is verplig om by sodanige fonds aan te sluit. 'n Werkgewer kan as alternatief ook dekking deur 'n geregistreerde mediese versekeringskema aanvaar as genoegsame dekking.

13.3.2 Werkgewers betaal minstens 50% van die premie van alle werknemers.

13.3.3 Werkgewers bring in die bepaling van sy subsidie vir die mediese fondspremie van veral laer besoldigde werkers die bekostigbaarheid van premies vir die lid in berekening deur op 'n ruimer subsidie te besluit.

13.5 Aanvang van Verantwoordelikheid

13.5.1 Die beroepende liggaam neem volle verantwoordelikheid vir die beroepene vanaf datum van sy demissie in die vorige werkkring (in die geval van Namibiese burgers), of vanaf datum van goedkeuring van 'n werkpermit (in die geval van nie-Namibiese burgers), onderworpe aan Bep. 7.8.8 en Bep. 8.3.1.

13.5.1.1 Indien die kerkraad in gebreke gebly het om die beroepene in te lig ten opsigte van die werkpermit, neem hulle verantwoordelikheid 'n aanvang met sy demissie.

13.6 Verhuisingskoste

Die beroepende gemeente dra die koste van:

13.6.1 Die bedienaar van die Woord en sy gesin en één motor bereken teen 'n bedrag per kilometer soos die sinode van tyd tot tyd mag besluit vanaf sy vorige standplaas of vaste woonplek, tesame met daggeld vir hom en elke afhanklike lid van die gesin, bereken teen die bedrag soos die sinode van tyd tot tyd mag besluit. (Die kerkraad is nie verantwoordelik vir die vervoer van 'n tweede motor of woonwa nie.)

13.6.2 Die verpakking, versekering en vervoer van die meubels en persoonlike besittings van die bedienaar van die Woord.

13.6.3 Die belasting op die invoer van een motorvoertuig en meublement van die bedienaar van die Woord.

Bepaling 14.5 Hertoelating van Emeriti

14.5.3 Na ontvangs van die goedkeuring van die betrokke kerkraad, stuur die aktuaris die inligting van die betrokke aan die Algemene Bevoegdheidsraad vir bekendstelling in die Kerkbode.

Bepaling 15.4 Dienstyl van kerkraadslede

15.4.1 In bestaande gemeentes

15.4.1.1 Kerkraadslede word vir 'n termyn soos deur die kerkraad bepaal verkies (tot 'n maksimum van vyf [5] jaar). By die verstryking van hierdie termyn kan die betrokke herkies word. Die beginsel van kontinuïteit en afwisseling moet nagestreef word.

15.4.1.4 Kerkraadslede wat bedank moet dit skriftelik doen met opgaaf van redes.

Bepaling 15.5 Bevestiging

15.5.1 Verkose kerkraadslede wat die verkiesing aanvaar het en teen wie geen besware ingebring is nie of aangaande wie bevind is dat die besware teen hulle ongegrond is, word so gou moontlik ná hulle verkiesing in hulle amp bevestig.

15.5.2 Die bevestiging geskied namens die kerkraad deur die plaaslike bedienaar van die Woord of die konsulent. Die kerkraad, of in die geval van 'n vakature, die konsulent in oorleg met die kerkraad, kan ook 'n bedienaar van die Woord van 'n ander gemeente in die sinodale gebied versoek om die bevestiging waar te neem.

11.1.14 Bepaling 16: Ouderlinge – verdere ampspligte

Sub-bepaling 16.3 word in die geheel geskrap – kom voor in Kerkorde Artikel 16.

11.1.15 Bepaling 26.1 Die Taak van die kerkraad: Algemeen

26.1.3 die opsig oor die belydenis en wandel van die lidmate van die gemeente en die handhawing van die kerklike opsig en tug; (Vgl Art 59-66.)

26.1.11 die behartiging van ekumeniese skakeling in ooreenstemming met die ekumeniese beleid van die sinode (Sien Art 70 en AS Reglement 20);

26.1.12 die reëling en bevordering van die kerklike bevestiging van huwelike en die bepaling van huweliksfooie (Vgl. Art 51.2);

26.1.13 die opsig oor die gemeentelike administrasie deur:

26.1.13.2 die voorsiening van 'n toereikende vergoedingspakket wat 'n behoorlike huis- of huistoelaag, motortoelaag, 'n pensioen- en mediesevoordeel vir bedienaars van die Woord insluit;

26.1.13.4 behoorlike beheer oor die eiendomme en fondse van die gemeente onderhewig aan Namibië Reglement 2 (Kerklike Goedere en Fondse);

11.1.16 Bepaling 26.2 Die Taak van die kerkraad ten opsigte van die ring

26.2.1.1 die geloofsbrief van die afgevaardigde bedienaar(s) van die Woord en ouderling(e)/diaken(s) met hulle secundi (Vorm 4.2);

Skrap 26.2.3. Toevoeging van "...met afskrif aan sinodale kantoor" by punt 2.10.1 van reglement 1 Hierdie skraping impliseer ook skraping van punt 11 van reglement 12 (skriba van die ringskommissie), want dis 'n woordelike herhaling van die bepaling.

11.1.17 Bepaling 26.3 Kerkraad: Wyse van uitvoering van take

26.3.1 Vir die uitvoering van sy profetiese, priesterlike en koninklike roeping kan die kerkraad gebruik maak van staande, tydelike (dws tydens 'n vergadering) en ad hoc-diensgroepe en/of taakspanne om hom te adviseer of opdragte uit te voer. Diensgroepe/ taakgroepe kan ook lidmate en kundiges wat nie lede van die kerkraad is nie, insluit.

11.1.18 Bepaling 27: Samestelling van die kerkraad

Voeg nuwe 27.4 soos volg toe: Die ring mag met of sonder voorwaardes en in uitsonderlike omstandighede aan 'n kerkraad vergunning verleen om met minder as 6 kerkraadslede te funksioneer.

11.1.19 Bepaling 28.2 Buitengewone Vergaderings

28.2.1 Buitengewone vergaderings word in terme van KO Art 28.3 belê deur skriftelike/telefoniese kennisgewing aan alle lede met vermelding van die redes vir die vergadering, minstens drie dae vóór die vergadering.

11.1.20 Bepaling 29.4 Buitengewone Vergaderings

Buitengewone vergaderings van die ring word belê deur die voorsitter of skriba van die ringskommissie op versoek van minstens twee kerkrade uit die ringsgebied.

11.1.21 Bepaling 30 Samestelling van ring

30.1 Gemeentes word in ringsvergaderinge verteenwoordig deur hulle bedienaar(s) van die Woord en een ouderling / diaken vir elke pos vir bedienaar van die Woord insluitende die van tentmakers-/vasteterymposte. Vir elke afgevaardigde word 'n sekondus aangewys. Primarius- en sekondus afgevaardigdes mag tydens vergaderings, met verlof van die vergadering, verwissel.

11.1.22 Bepaling 31.2 Kerkvisitasie: Onderlinge sorg

Die Ring sien toe dat toepaslike reëlings in plek is sodat gemeentes hulle onderlinge sorg-verantwoordelikheid teenoor mekaar doeltreffend kan nakom.

11.1.23 Bepaling 31.3 Gemeentelike Aangeleenthede

31.3.1 Stigting van Gemeentes

31.3.1.2 Die sinode beskou dit as wenslik dat geen gemeente uit meer as 700 doop- en belydende lidmate per pos vir bedienaar van die Woord moet bestaan nie. Waar 'n gemeente met een pos vir 'n bedienaar van die Woord meer as 1000 doop- en belydende lidmate tel, moet die ring met die betrokke kerkraad in onderhandeling tree ten einde meerdere bediening van die gemeente te bewerkstellig.

31.3.1.3 Nuwe gemeentes word deur die ringskommissie in opdrag van die ring gestig volgens die prosedure in NGKN Regl 16 omskrywe. Die skriba van die ringskommissie gee hiervan kennis aan die skriba van die Moderamen en die Kerkbode

31.3.3 Wysiging van Gemeentegrense

31.3.3.2 Wysiging van gemeentegrense mag alleen om gewigtige redes wat deur die ring(e) beoordeel moet word, geskied. Sodanige wysiging moet eers deur die betrokke kerkraed goedgekeur en met volledige motivering aan die betrokke ring(e) voorgelê word. Na goedkeuring deur die ring(e) gee die skriba(s) van die ringskommissie(s) hiervan kennis aan die skriba van die Moderamen en die Kerkbode.

31.3.4 Naamsverandering van Gemeentes

Aansoeke om naamsverandering van bestaande gemeentes moet met die nodige motivering by die ring ingedien word. Na goedkeuring deur die ring, word kennis gegee aan die skriba van die Moderamen en die Kerkbode. Alle koste in dié verband word deur die betrokke gemeente gedra.

31.3.5 Konferensie met gemeente wat ringsvergadering ontvang

Hierdie bepaling word in die geheel geskrap.

31.3.6 Implementering van tentmakerbediening of Vaste Termynposte

Die tentmakerbediening word ingerig volgens NGKN Regl 11 en die Vaste termynpos volgens NGKN Regl 13.

11.1.24 Bepaling 31.4 Diensgroepe/Taakspanne van die ring

31.4.1 Staande Diensgroepe/Taakgroepe

Om sy profetiese, priesterlike en koninklike roeping uit te voer kan die ring, na behoefte, gebruik maak van diensgroepe en/of taakspanne. Hulle hoef nie 'n replika te wees van die diensgroepe/taakspanne wat die sinode of Algemene Sinode gebruik nie. Die ring moet sorg dra dat aan Kerkorde Artikels 50, 52, 53 en 54 uitvoering gegee word.

31.4.2 Ringskommissie

31.4.2.1 Die ringskommissie dien vir 'n termyn van 4 jaar.

31.4.2.2 Die ring kies aan die einde van elke vierde gewone vergadering 'n ringskommissie bestaande uit 'n voorsitter en twee (2) addisionele lede. 'n Persoon mag nie meer as twee keer agtereenvolgens as voorsitter van die ringskommissie verkies word nie. Hy / sy mag wel in 'n ander posisie verkies word.¹

31.4.2.3 Die ringskommissie voer opdragte van die ring uit, neem spoedeisende sake in behandeling, gee uitvoering aan NGKN Regl 8 en doen aan die volgende ringsvergadering verslag van sy werksaamhede.

31.4.2.4 Die pligte van die skriba van die ringskommissie word in NGKN Regl 10 uiteengesit.

31.4.6 Koste van Kommissies van die ring

Tensy anders bepaal, word die koste verbonde aan die werk van kommissies van die ring uit die ringsfonds betaal. Die ringskommissie moet in alle sodanige gevalle die nodige magtiging vir uitbetaling verleen.

11.1.25 Bepaling 33: Die sinode

33.1 Afvaardiging

Elke kerkraad vaardig een bedienaar van die Woord en een ouderling / diaken vir elke pos vir bedienaar van die Woord in die gemeente af na die sinode. Vir elke afgevaardigde (sowel bedienaars van die Woord as ouderlinge/diakens) word 'n sekondus aangewys.

Die voormalige bepaling 33.1.2 word geskrap.

Bepaling 33.2 Konstituering

33.2.1 Konstituering vind plaas in terme van Reglement van Orde (Regl 7)

33.2.2 Vervanging van Afgevaardigdes tydens Vergaderings

33.2.2.1 'n Primarius afgevaardigde mag tydens die vergadering vervang word deur die sekondus.

33.2.2.2 Reiskoste vir 'n vervangende afgevaardigde word deur die betrokke kerkraad gedra.

33.2.3 Buitengewone vergaderings van die sinode word saamgestel uit die afgevaardigdes na die vorige gewone vergadering of hulle sekundi. Waar afgevaardigdes en hulle sekundi na die vorige gewone vergadering nie meer beskikbaar is nie, kies die kerkraad nuwe afgevaardigdes. Alle nuwe afgevaardigdes moet van geloofsbriefe voorsien wees.

11.1.26 Bepaling 35: Werksaamhede van die sinode

¹Dit staan ringe vry om die pligte wat in NGKN Regl 10 aan die skriba van die ringskommissie opgedra word, óf aan een van die verkose lede van die ringskommissie op te dra, óf 'n addisionele lid te koöpteer vir die taak.

35.1.2 Sake vir behandeling deur die sinode

35.1.2.1 Sake vir behandeling deur die sinode moet minstens drie maande voor die datum van die aanvang van die sinode in die hande van die skriba van die moderamen wees.

35.1.2.2 Kerkrade, ringe, diensgroep/taakspanne van die sinode en lidmate (by wyse van versoekskrifte), kan sake vir behandeling voorlê. Die sinode besluit of laat ingekome stukke behandel sal word.

35.1.2.3 Voorleggings soos in 35.1.2.2 moet minstens drie maande voor die aanvang van die sinode by die skriba ingedien word.

35.1.2.4 Die moderatuur het die bevoegdheid om verslae wat ontvang is, te laat verkort as dit onnodig lank is.

35.1.2.5 Beskrywingspunte, voorstelle of amendemente wat veranderinge in die Kerkorde en Bepalinge ten doel het, moet, alvorens hulle bespreek kan word, in sodanige vorm wees waarin die voorstellers meen dat hulle in die bepalinge opgeneem moet word.

35.1.2.6 Die Algemene Sekretaris laat die agenda druk nadat die moderatuur insae gehad het in die stukke wat ontvang is en hy versprei die agenda minstens vier weke voor die datum van die vergadering onder die samestellende kerkrade.

35.1.3 Leiding van die vergadering

35.1.3.3 Behalwe die behartiging van alles wat normaalweg die taak van 'n skriba is, gee die Algemene Sekretaris ook uitvoering aan alles wat ten opsigte van die skriba van die sinode aan hom/haar opgedra is in sy/haar werkopdrag.

35.1.3.4 Die pligte van die Actuaris Synodi is volledig uiteengesit in NGKN Regl 1.

Bepaling 35.1.4 Aanwys van afgevaardigdes na die Algemene Sinode

35.1.4.1 Die sinode wys sy afvaardiging na die Algemene Sinode in ooreenstemming met Kerkorde Art 38.1 aan. Hierdie afvaardiging bestaan uit 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge/diakens en sluit die moderatuur in.

Bepaling 35.2 Taakspanne en Diensgroepe

35.2.2 Moderamen

35.2.2.1 Samestelling

Tydens elke gewone vergadering benoem die sinode 'n moderamen wat bestaan uit die moderatuur plus twee lede uit elke ring, een bedienaar van die Woord (verkieslik die voorsitter van die ringskommissie) en een ouderling / diaken. Sinodale amptenare en voorsitters van ander diensgroepe kan adviserend sitting neem in die moderamen.

Bepaling 35.2.2.2 Vergaderings

Die moderamen word minstens twee maal per jaar deur die moderatuur byeengeroep en vergader onder leiding van die moderatuur. Spoedeisende sake kan per rondskrywe afgehandel word. Skriftelike kennisgewing van vergaderings word minstens twee weke vooraf deur die skriba van die moderatuur aan elke lid gestuur. Wanneer minstens vyf lede skriftelik daarvoor vra, is die moderatuur verplig om die moderamen byeen te roep.

Bepaling 35.2.3 Moderatuur

35.2.3.1 Samestelling

35.2.3.1.1 Die sinode kies aan die einde van elke gewone vergadering, 'n moderatuur wat bestaan uit 'n...:

35.2.3.1.2 Dieselfde persoon mag nie langer as agt (8) jaar as moderator dien nie. Die persoon mag wel in enigeen van die ander poste in die moderatuur verkies word.

Bepaling 35.2.3.2 Opdrag

Die moderatuur is tussen vergaderings van die sinode verantwoordelik om

35.2.3.2.4 in samewerking met die personeel van die sinodale kerkkantoor en ander gekoöpteerde lede die volgende vergadering van die sinode te reël;

35.2.3.2.8 - skrap

35.2.3.2.12 approbasie te verleen vir die wysiging/aanvulling van die personeel van taakspanne/diensgroepe, en...

Bepaling 35.2.4 Diensgroep vir Administrasie

35.2.4.1 Samestelling

Die sinode wys by elke gewone vergadering 'n diensgroep vir administrasie aan wat bestaan uit vyf lede. Kundigheid tov finansies, menslike hulpbronne, regsaspekte en administrasie word by die benoeming in ag geneem. Sinodale amptenare neem adviserend sitting in die Diensgroep.

35.2.4.2 Opdrag

Die Diensgroep vir Administrasie funksioneer volgens NGKN Regl. 4.

Bepaling 35.2.5 Sinodale taakspan: regte

35.2.5.1 Samestelling

Die sinode benoem by elke gewone vergadering 'n taakspan: regte wat bestaan uit sewe lede met twee sekundi. Minstens een van die lede moet 'n regsgeleerde wees. Die aktuaris is lid en voorsitter van die taakspan. Die Algemene Sekretaris is ampshalwe adviserende lid van die taakspan.

Die voormalige bepaling 35.2.5.3 verval.

35.2.6 Kommissie vir die Agenda Die bepaling word geskrap.

Bepaling 35.2.6 Verteenwoordigers van die sinode

Sinodale verteenwoordigers word soos volg aangewys:

35.2.6.1 Kuratoria (aangewys deur die moderamen)

1. Algemene Kuratoria: een primarius lid met sekundus.
2. Namibiese Kuratorium: vier primarius lede (waarvan minstens een uit DEGNOS) met twee sekundi.

35.2.6.2 Bybelgenootskap van Namibië: een lid met sekundus (aangewys deur die Moderatuur)

35.2.6.3 Tussenkerklike Diensgroep Namibië (TKDN) (aangewys deur die Moderatuur)

35.2.6.4 Council of Churches in Namibia (aangewys deur die Moderatuur)

35.2.6.5 Namibia Evangelical Theological Seminary (aangewys deur die Moderatuur)

35.2.6.6 Na raadpleging met betrokke rolspelers gee die assessor die name deur van verteenwoordigers van Namibië wat in diensgroepe/taakspanne van die Algemene Sinode moet dien.

11.1.27 Bepaling 48 Die Erediens

48.3 By visitasie: onderlinge sorg word navraag gedoen oor die uitvoering van Art 48.5.

11.1.28 Bepaling 49.1 Die Heilige Doop:

49.1.1 word tydens die erediens bedien aan kinders van belydende lidmate van die gemeente, kinders van lidmate van ander Ned Geref Gemeentes wat skriftelike verlof daartoe het en volwassenes wat na belydenis van geloof gedoop word;

49.1.2 mag by wyse van uitsondering bedien word aan die kinders van lidmate van erkende Protestantse Kerke, mits hulle daartoe skriftelike verlof ontvang het van hulle eie bedienaar van die Woord of die verantwoordelike verteenwoordigers van hulle eie gemeente.

11.1.29 Bepaling 50.3 Openbare Belydenisaflegging

50.3.1 Wie toegelaat is tot die openbare belydenis, lê by geleentheid van 'n openbare erediens belydenis van geloof af. Katkisanter moet antwoord op die vrae soos vervat in die formulier vir dié doel, wat aan hulle voorgelê word deur die plaaslike bedienaar van die Woord of die konsulent of 'n ander bedienaar van die Woord van 'n gemeente binne die ringsverband wat daartoe deur die kerkraad versoek is. (Vgl Bep 10.1.2.)

11.1.30 Bepaling 70: Interkerklike Werkgroepe

Gemeentes gee uitvoering aan hulle roeping tot bekamping van maatskaplike nood onder andere deur saam te werk met Interkerklike Werkgroepe.

11.2 Wysiging aan reglemente

Die sinode keur die reglemente soos volg goed. Slegs klousules waaraan veranderinge aangebring is, word in hierdie notule vervat.

11.2.1 Reglement vir die bestuur van Eiendomme, goedere en fondse. (KO Art 36)

Hierdie Reglement moet saamgelees word met Reglement 18 van die Algemene Sinode (Kerkorde 2011).

2. KERKRAAD

2.1 Elke gemeente is 'n regspersoon met volle handelingsbevoegdheid en die kerkraad of sy gemagtigde(s) is sy orgaan.

2.3 Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente is dus die eienaar van alle roerende en onroerende bates wat deur die kerkraad beheer en verkry word en vaste eiendom word in die naam van Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente geregistreer.

2.5 Gemeentefonds

2.5.1 Elke gemeente hou 'n gemeentefonds waaruit die lopende uitgawes betaal word.

2.5.2 Hierdie fondse word verkry deur:

2.8 Aanstellings

Die kerkraad stel sy amptenare aan, betaal toepaslike vergoeding en hou toesig en beheer oor alle werksaamhede.

2.9 Verantwoording aan die gemeente

2.9.1 Die finansiële state word ná goedkeuring deur die kerkraad, die voorsitter en skriba/kassier onderteken.

2.9.2 Die kerkraad lê jaarliks die geouditeerde finansiële state vir 'n tydperk van 14 dae aan die gemeente ter insae voor.

2.10 Verantwoording aan die ring

2.10.1 Die kerkraad lê jaarliks die geouditeerde finansiële state aan die ring voor met 'n afskrif aan die sinodale kantoor.

2.10.2 Dit word die nuwe 2.9.1 hier bo.)

2.11 Kerkraadsvergadering

Kerkraadslede ontvang geen vergoeding nie, ook nie vir die bywoning van kerkraadsvergaderings nie.

2.12 Litigasiebevoegdheid van die kerkraad

2.12.1 Die kerkraad besit die bevoegdheid om namens die gemeente enige regsproses in 'n geregshof in te stel of te verdedig, insluitend die bevoegdheid om regsverteenvoordiging aan te stel, verkieslik na advies van die sinodale regskommissie.

2.12.2 In alle gevalle waar geen wettige kerkraad is nie, tree die ring namens die gemeente op.

3. RING

3.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in ringsverband is 'n regspersoon met volle handelingsbevoegdheid en die ringsvergadering of sy gemagtigde(s) is sy orgaan.

3.2 Ringsfonds

3.2.1 Die ring moet 'n fonds open waartoe die gemeentes binne sy ressort bydraes lewer soos die ring van tyd tot tyd mag besluit.

3.2.2 Die ringsfonds word aangewend vir die lopende uitgawes van die ring, ingesluit die koste verbonde aan die bywoning van gewone en buitengewone vergaderings van die ring.

3.2.3 Kostes verbonde aan die bywoning van vergaderings van kommissies van die ring word deur die ringsfonds gedra.

3.2.4 Die skriba tree as kassier van die ring op, hou die ringsfonds in bewaring en administreer dit volgens opdrag van die ring. By elke gewone ringsvergadering rapporteer hy die fonds aan die hand van behoorlike geouditeerde finansiële state.

3.3 Die ring is ook by magte om bedieningsfondse na behoefte te open en te administreer.

3.4 Die ring kontroleer jaarliks in hoeverre die gemeentes hul verpligtinge ten opsigte van die eweredige bydraes nagekom het.

3.5 Alle vaste eiendomme en verbande van die ring word geregistreer op die naam van 'Die Ring van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Meld naam)'.
.....

3.6 Die ring besit die bevoegdheid om enige regsproses in 'n geregshof in te stel of te verdedig, insluitend die bevoegdheid om regsverteenvoordiging aan te stel, verkieslik na advies van die sinodale regskommissie.

3.7 Die ring of sy gemagtigdes besit die bevoegdheid om die nodige dokumente te onderteken.

3.8 Die titel- en/of verbandaktes van alle ringseiendomme moet vir veilige en brandvrye bewaring by die sinodale kerkkantoor ingelewer word.

4. DIE SINODE

4.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in sinodaleverband is 'n regspersoon met volle handelingsbevoegdheid en die Diensgroep vir Administrasie is sy orgaan.

4.2 Met uitsondering van sodanige reg van beheer as wat deur die sinode aan enige kommissie opgedra is, of opgedra mag word in die uitvoering van sodanige kommissie se pligte, het hy beheer oor alle fondse wat aan die Ned Geref Kerk in Namibië behoort.

4.3 Alle vaste eiendomme wat aan die sinode van die Ned Geref Kerk in Namibië behoort asook alle huurkontrakte en alle verbande ten gunste van genoemde Kerk, word geregistreer op naam van: 'Die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië'. Die algemene sekretaris ontvang magtiging en opdrag om alle sodanige stukke namens die sinode te onderteken (vgl punt 4.2 van NGKN Regl 4).

4.4 Bywoning van rings- en sinodalevergaderings

Geen wysiging aan sub-artikels 4.4.1 – 4.4.6.5.

4.4.7 Geen reis- of verblyfkostes vir die bywoning van sinodale- en/of ringsvergaderinge word uitbetaal aan afgevaardigdes van gemeentes wat ten tyde van die sitting van die betrokke vergadering nog nie hul eweredige bydraes betaal het of argiefstukke van die vorige jaar ingehandig het nie. (vgl punt 11 van NGKN Regl 10)

4.4.8 Geen reis- of verblyfkostes sal uitbetaal word aan enige lid wat, na oordeel van die vergadering, sonder wettige redes op die eerste dag van die vergadering afwesig is en/of wat sonder sy toestemming voor afloop van die vergadering vertrek nie.

Geen wysiging aan sub-artikel 4.4.9.

4.5 Bedienaars van die Woord: Pensioen, eggenote-versekering en mediesefonds

4.5.1 Pensioenfonds: Slegs die opskrif verander, nie die inhoud van die artikel nie.

4.5.3 Mediesefonds

Dekking onder 'n geregistreerde mediesefonds is verpligtend vir alle werknemers wat daarvoor kwalifiseer. Die mate waarin die kerkvergadering finansiëel verantwoordelikheid neem vir die maandpremie is deel van die vergoedingsonderhandeling. (Vgl Bep 13.3)

4.9.2.4 Verslag aan Ringe

Die D.G.A. rapporteer aan ringe oor gemeentes wat agterstallig is met eweredige bydraes.

11.2.2 Reglement vir Diensgroep vir Administrasie (DGA)

1. NAAM

Diensgroep vir Administrasie

3. PLIGTE VAN DIE DIENSGROEP

Die Diensgroep

3.1 behartig die finansiële besluitneming en boekhouding van alle sinodale fondse;

3.2 beheer en versorg vaste eiendomme van die sinode;

3.3 stel administratiewe personeel aan, bepaal toepaslike salarisskale, beheer alle administratiewe werksaamhede van die sinode en hou toesig daaroor;

3.4 stel 'n geregistreerde ouditeur (geoktrooieerde rekenmeester) aan wat jaarliks die finansiële rekords van die sinode ouditeer;

3.5 moniteer deurlopend die instandhouding van vaste eiendom wat tot beskikking van inrigtings gestel is.

3.6 rapporteer aan ringe oor gemeentes wat agterstallig is met eweredige bydraes;

3.7 fasiliteer deurlopend wedersydse kommunikasie met die Moderamen.

5. VERSLAG

Die diensgroep lewer verslag aan die sinode en in die interim tydperk aan die moderamen.

11.2.3 Reglement vir Vermeerdering, kombinering, eenwording en samesmelting van gemeentes.

Die AS Regl 21 (Reglement vir Vermeerdering, kombinering, eenwording en samesmelting van gemeentes, en die vorming van 'n nuwe kerkverband) word volledig opgeneem.

11.2.4 Reglement vir die bestuur van Diensverhoudinge by wangedrag, ongeskiktheid en onvermoë

Die AS Regl 15 word volledig opgeneem.

11.2.5 Reglement vir die Actuaris Synodi (Bep 35.1.3.4)

1.3 lid van die Algemene Taakspan Regte (AS Regl. 7).

6. Hy reik namens die sinode 'n Akte van Bevestiging uit aan alle proponente sodra hulle met die oplê van hande as predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië bevestig is met kennisgewing aan die Algemene Bevoegdheidsraad. (Bepaling 8.4.3)

Ingeval 'n predikant of proponent die regte en voorregte wat kragtens sy legitimasie aan hom toekom, verloor, of daarvan afstand doen, moet die aktuaris dit sonder versuim by die skriba van die Algemene Bevoegdheidsraad aanmeld. (KO Art 11)

11.2.6 Reglement vir Appèl of beswaar

Die AS Regl 17 word volledig opgeneem

11.2.7 Reglement van Orde (Vgl Bep 21)

2.2 Die KERKRAAD kies jaarliks- 'n voorsitter uit die leraar(s) en ouderlinge

2.3 Die RINGSVERGADERING word deur die ringskommissie gelei. Die ring kies aan die einde van elke vierde gewone vergadering 'n ringskommissie.

2.4 Die SINODE vergader onder die leiding van die moderatuur. Die moderatuur word tydens 'n gewone vergadering verkies (vgl Bep 35.2.3.1.1)

4.1 Kerkraad

4.1.2 Vir tug- en appèlsake word die kworum bepaal ooreenkomstig die vereistes vir suiwering van die vergadering (sien NGKN Reglement 15: 1.1 en 15: 8.1).

4.2 Meerdere vergaderings

4.2.1 Ringsvergaderings

4.2.1.1 Die getekende geloofsbriewe van alle afgevaardigdes moet ter vergadering by die skriba ingelewer word.

4.2.1.3 Vir tug- en appèlsake word die kworum bepaal ooreenkomstig die vereistes vir suiwering van die vergadering (sien NGKN Reglement 15: 1.1 en 15: 8.1).

4.2.2 Sinodevergaderings

4.2.2.1 Die getekende geloofsbriewe van alle afgevaardigdes moet minstens twee weke voor die aanvang van die vergadering by die skriba van die moderamen ingehandig wees, wat dit, tesame met wysiginge (wat tot voor die vergadering by hom ingedien kan word), vir goedkeuring ter tafel lê.

4.2.2.4 Vir tug- en appèlsake word die kworum bepaal ooreenkomstig die vereistes vir suiwering van die (sien NGKN Reglement 15: 1.1 en 15: 8.1).

6. Verkiesing van Ringskommissie / Moderatuur

6.1 Die Ringskommissie word in ooreenstemming met Bepaling 31.4.2.2 verkies en die Moderatuur in ooreenstemming met Bepaling 35.2.3.1.

7. Stemming

7.1 Algemene bepaling

7.1.2 Oor alle sake, wat nie algemene instemming ontvang nie, word daar gestem of deur die opsteek van hande, of in die geval van kontensieuse sake op geslote stemwyse indien die vergadering so besluit. Die meerderheid van stemme bepaal die besluit.

7.1.3 In die geval van voorstelle en amendemente, word die amendemente eers tot stemming gebring in opgaande orde vanaf die laaste wat ingedien is, en daarna die voorstel soos deur die aanvaarde amendement gewysig. Slegs indien al die amendemente verwerp word, stem die vergadering oor die oorspronklike voorstel. Na elke stemming word die uitslag of dit aanvaar of verwerp is, bekend gemaak.

7.2 Verkiesing, beroeping en benoeming van persone

Indien die stemming op die kiesing/beroeping/benoeming van persone betrekking het, uitgesonderd die aanwysing van kommissies/diensgroepe/taakspanne (vgl punt 11 van hierdie Reglement), geskied dit op geslote stemwyse op die volgende manier:

7.2.1 Eers word 'n nominasielys gevorm met inagneming van punt 6.2 van hierdie Reglement. Elke stemgeregtigde lid mag persone nomineer, maar nie meer as die getal persone wat gekies moet word nie.

7.2.3 Uit die name in die nominasielys stem elke stemgeregtigde vir soveel name as die getal persone wat gekies moet word.

7.2.4 Die persoon op wie die meeste stemme verenig word, is gekies indien die getal stemme op hom/haar uitbring die volstrekte meerderheid van die aanwesige lede uitmaak.

7.2.6 Indien daar 'n staking van stemme is word die benodigde getal deur die beslissing van die lot gevel.

7.3 Vorming en suiwering van die nominasielys by stemming vir persone

7.3.2 Daar moet geen ooreenkoms of afspraak met iemand hoegenaamd gemaak word nie.

7.3.3 **By verkiesing van kerkslede:** 'n kerkraad het desverkiekend die reg om 'n kommissie van pre-advies te benoem wat die name van lidmate voorlê wat op die groslys geplaas word. Enige lid van die vergadering, die konsulent uitgesonderd, en belydende lidmate van die gemeente behou die reg om ook te nomineer.

7.3.4 **By beroeping van bedienaars van die Woord in 'n gemeente:** 'n kerkraad het desverkiekend die reg om 'n kommissie van pre-advies te benoem wat die name van minstens drie leraars voorlê wat op die groslys geplaas word. Enige lid van die vergadering, die konsulent uitgesonderd, en belydende lidmate van die gemeente behou die reg om ook te nomineer (Sien punte 7.2.1 en 7.2.2 van hierdie reglement).

7.3.5 **By beroeping van leraars met opdrag diens in kerkverband:** Die betrokke kerkvergadering wat beheer uitoefen oor die betrokke werksaamheid, identifiseer 'n geskikte persoon. Die kommissie doen dit volgens geëkte kerklike voorskrifte nl nominasies en stemming. Wanneer 'n persoon só aangewys word, onderhandel die kerkvergadering met hom / haar en 'n gemeente wat gewillig is om sodanige leraar te beroep, oor die dienskontrak. Ná finalisering van die kontrak, beslis die kerkraad op 'n beroepsvergadering met ja- of nee-stemme oor die beroep. (Vgl Bep 7.5.3 en 7.11.)

8. Die behandeling van sake

8.1 Die agenda

8.1.1 Die agenda vir 'n kerksledevergadering word deur die voorsitter opgestel vir goedkeuring deur die kerkraad.

8.1.2 Die agenda vir 'n ringsvergadering word deur die skriba in oorleg met die ringskommissie opgestel en moet indien enigsins moontlik, twee weke voor die tyd in die hande van die afgevaardigdes wees.

8.1.3 Die agenda vir die sinodevergadering word deur die Moderatuur opgestel en moet indien enigsins moontlik ses weke voor die vergadering in die hande van alle belanghebbendes wees.

8.4 Voorstelle, amendemente, beskrywingspunte, mosies van orde, inspraak en versoekskrifte

8.4.1.5 'n Voorstel of amendement wat reeds ter tafel is, mag nie sonder die verlot van die vergadering teruggetrek word nie. 'n Mosie van orde is 'n voorstel wat betrekking het op:

die volgorde waarin sake ter tafel moet kom, of

dat die bespreking van 'n bepaalde saak opgeskort of beëindig word, of

die verwysing van 'n bepaalde saak, of

dat van 'n bepaalde saak afgestap word.

'n Ordemosie kan op enige tydstip gedurende die bespreking ingedien word en daarvoor word dadelik sonder bespreking gestem. Dit word aan die oordeel van die voorsitter oorgelaat om die mosie terug te hou as hy van mening is dat dit aangewend word om 'n behoorlike bespreking van die onderwerp te voorkom.

8.4.1.8 Persone wat 'n kerkvergadering in adviserende hoedanigheid bywoon mag nie voorstelle maak of sekondeer nie.

8.4.1.9 Nie-gesensureerde lidmate van gemeentes mag versoekskrifte by kerkvergaderinge indien en het die reg tot inspraak (Vgl Bep 2.9 en Riglyn 3.)

8.4.2 Net vir sinodevergaderings

Die moderatuur verwys beskrywingspunte na tydelike kommissies en die insender van beskrywingspunte, voorstelle en amendemente kry die geleentheid om hulle saak voor die tydelike kommissie te stel.

8.4.2.5 Die moderatuur kan sake in die agenda wat kerkordelike of finansiële implikasies het, na tydelike kommissies verwys wat die sinode met kerkordelike/finansiële advies bedien sonder om hulle uit te spreek oor die meriete van die betrokke aangeleenthede.

9. Revisie

9.1 Besluite wat eenmaal deur kerkvergaderings geneem is (kerkraad, ring, sinode), mag in dieselfde vergadering (aan die einde) in revisie geneem word,

9.1.1 mits daar vooraf kennisgewing van revisie was;

9.1.2 mits die aansoeker sy gronde vir revisie duidelik gestel het en

9.1.3 mits die vergadering die gronde beoordeel het en eenparig goedkeuring vir revisie gegee het.

9.2 Indien goedkeuring tot revisie nie verkry word nie, kan die saak by wyse van 'n voorstel na die eersvolgende vergadering geneem word, wat de novo oor die saak kan besluit.

9.5 Vergelyk ook KO Art. 23 en NGKN Reglement 2 oor appèlle na 'n meerdere vergadering.

10. Verslae

10.1 Verslae van diensgroepe/taakspanne kan voor 'n kerkraadsvergadering aan die lede beskikbaar gestel word en kan as vertroulik hanteer word

10.3 Die verslae van diensgroepe/taakspanne van die sinode, moet algemene sekretaris minstens drie maande voor die sinode bereik en moet minstens ses weke voor die aanvang van die sinode aan alle afgevaardigdes besorg word saam met alle toepaslike stukke.

11. Aanwysing van /diensgroepe/taakspanne van kerkvergaderings (Sien Bep 25)

Diensgroepe/Taakspanne

11.1 Diensgroepe/taakspanne van kerkvergaderinge (die ringskommissie [Bep 31.4.2] en moderatuur [Bep 35.2.3] uitgesonder) word deur die opsteek van hande goedgekeur.

11.1.1 By die kerkraad nadat lede die geleentheid gehad het om te kenne te gee in welke diensgroep/taakspan hulle wil dien;

11.1.2 by die ring op voordrag van 'n tydelike kommissie, vooraf deur die ringskommissie benoem;

11.1.3 by die sinode op voordrag van 'n tydelike kommissie deur die moderatuur saamgestel.

11.2 Vakatures ontstaan in diensgroepe/taakspanne van meerdere kerkvergaderings deur die dood, vertrek, afsetting of skriftelike bedanking van lede (lg aan die adres van die skriba van die betrokke diensgroep/taakspan).

11.3 Vakatures wat só ontstaan word aangevul deur die kerkvergadering waaruit die verteenwoordiger moet kom. Die betrokke vergadering gee kennis van die benoeming aan die algemene sekretaris.

Tydlike taakspanne

11.4 Tydlike taakspanne word in geval van:

11.4.1 die kerkraad deur die voorsitter benoem;

11.4.2 die ring deur die ringskommissie aangewys;

11.4.3 die sinode deur die moderatuur aangewys.

11.5 Tydlike taakspanne van die sinode:

11.5.1 behandel beskrywingspunte wat na hulle verwys is en dien die sinode met aanbevelings daarvoor. Insenders mag die betrokke punt by die tydelike kommissie persoonlik toelig;

11.5.2 mag vóór die aanvang van die sinode met hulle werksaamhede begin;

11.5.3 maak nie aanbevelings oor die verslae van staande diensgroep/taakspanne nie (met inagneming van punt 8.4.2.5 van hierdie reglement), tensy daar 'n beskrywingspunt oor dieselfde saak is wat nuwe aspekte na vore bring of wanneer 'n saak deur die sinode na hulle verwys word.

11.6 Kerkvergadering kan ook van lidmate gebruik maak om in diensgroepe/taakspanne te dien.

11.7 diensgroepe/taakspanne moet self die opdragte wat op hulle van toepassing is in die notule vind, dit uitvoer en daarvoor verslag doen.

12. Notule

12.1 Die skriba, indien nodig met behulp van 'n assistent skriba(s) deur die vergadering /notule kommissie verkies, teken sake wat behandel word en besluite wat geneem is, aan. Alle voorstelle en amendemente wat ingedien word, ook die wat nie aanvaar word nie, word in die notule opgeneem.

12.2 Die notule van elke sittingsdag van meerde vergaderings kan deur 'n notulekommissie versorg word en tydens die volgende sitting aan die vergadering voorgelê vir goedkeuring en deur die moderator en skriba geteken.

12.3 Die notule van die finale sitting word by die eerste vergadering van die ringskommissie / moderatuur voorgelê vir goedkeuring en ondertekening. In die geval van die kerkraad word die notule by die volgende gewone vergadering vir goedkeuring voorgelê en deur voorsitter en skriba geteken.

12.4 In die geval van meerdere vergadering kan die opdragte uitgevoer word nadat die notule goedgekeur is. In die geval van kerkraadsvergaderings kan die opdragte uitgevoer word nadat die besluit geneem is.

11.2.8 Reglement vir die Ringskommissie (Bep 31.4.2)

1 SAMESTELLING

1.1 Die ringskommissie word saamgestel soos voorgeskrif in Bep 31.4.2.2.

2 KONSTITUERING EN VERGADERINGS

2.1 Die ringskommissie kies sy eie voorsitter en skriba.

2.2 Indien nodig, roep die skriba die sekundi in volgorde op na vergaderings.

3 WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMMISSIE

3.3 tref toepaslike reëlings om vakatures te vul wat op diensgroepe/taakspanne van beide die ring en die sinode mag ontstaan;

Met betrekking tot appèlle

3.10 neem appèlle teen besluite van kerkrade wat deur kerkrade, kerkraadslede en lidmate ingebring word, in behandeling indien die ring nie oor 'n gevolmagtigde appèlkommissie beskik nie (NGKN Reglement 2);

Met betrekking tot ondersoek van beweerde tugwaardige sondes

3.11 benoem op versoek van 'n kerkraad of geïmpliseerde 'n ondersoekkommissie om namens 'n kerkraad 'n ondersoek oor beweerde tugwaardige sondes te doen (Art 63.4 en 64);

Met betrekking tot gemeentestigting

3.12 stig in opdrag van die ring gemeentes volgens die prosedure in NGKN Regl 3 omskrif (Sien ook Bep 31.3.1.3);

3.13 stel die grense van die nuwe gemeente vas en beskrywe dit soos voorgeskrif in punt 1.1.6 van NGKN Regl 3;

Met betrekking tot kombinasie van gemeentes

3.14 neem kombinasieooreenkomste tussen gemeentes in behandeling met die oog op bekragtiging (Punt 2 van NGKN Regl 3);

Met betrekking tot samestelling van kerkrade

3.15 belê in terme van Bep 27.2 'n gemeente vergadering met die oog op verkiesing van kerkslede indien daar minder as die minimum aantal kerkslede in 'n gemeente oorbly;

Met betrekking tot die ringsfonds

3.16 Hou toesig oor en administreer die ringsfonds (punt 3.1.4 van NGKN Regl 1).

11.2.9 Reglement: Namibiese Kuratorium

1. Naam

Namibiese Kuratorium

2. Samestelling

2.1 Die moderamen wys na afloop van elke gewone vergadering 'n kuratorium aan wat bestaan uit ten minste 5 lede met twee sekundi.

2.2 Die kuratorium word saamgestel uit die Aktuarius van die sinode, en vier lede waarvan minstens een uit DEGNOS.

2.3 Die kuratorium het die reg tot koöpsie.

3. Vergadering:

Die kuratorium vergader ten minste 2 maal per kalender jaar.

4. Opdrag:

Die opdrag van die kuratorium is:

4.1 Om in oorleg met die Algemene Kuratorium die prosedures vir toelating, opleiding, legitimering en bevestiging van gemeentelike begeleiers in die sinodale gebied op 'n kontekstueel toepaslike wyse te hanteer.

4.2 Om die inhoud en samestelling van 'n toepaslike kurrikulum vir teologiese skoling en opleiding van gemeentelike begeleiers vas te stel, deurlopend te evalueer en aan te pas wanneer nodig.

4.3 Hou 'n register van alle studente wat gekeur is vir enige vorm van teologiese skoling en opleiding in stand.

4.4 Doen verslag aan die moderamen en die Sinode.

5. Begroting:

Die kuratorium se lopende uitgawes word bekostig uit die Teologiese Opleidings en Vormingsfonds.

11.2.10 Reglement vir Tug en dissipline

Die AS Regl 16 word volledig hier ingevoeg.

11.2.11 Reglement vir die Bevoegdheid van bedienaars van die Woord, proponente en emeriti

Die AS Regl 11 word volledig opgeneem.

11.2.12 Reglement vir die Verlof van bedienaars van die Woord

Die AS Regl 14 word volledig opgeneem.

11.2.13 Reglement vir Tentmakerposte

Die AS Regl 12 word volledig opgeneem

11.2.14 Reglement vir Vaste Termynposte

Die AS Regl 13 word volledig hier ingevoeg.

12. Uitkomstes van die onderskeidingsgesprekke

12.1 Deur die loop van die oggend word die tafel-response op elk van die vier onderwerpe (identiteit, armoede, geregtigheid en verdieping) agtereenvolgens deur die sinode behandel en goedgekeur. Dit is reeds hierbo genotuleer.

12.2 Jan Woest wys die sinode daarop dat daar drie deurlopende refreine opgeklank het wat behoort vasgehou te word:

12.2.1 Die **Woord van die Lewende God** wat in die hele Bybel gehoor word, is nie maar informasie nie, maar vorm mense se lewens wanneer daarna geluister word;

12.2.2 Die **NGKN** is 'n geseënde, begaafde en bevoorregte deel van die **Liggaam van Christus** in Namibië;

12.2.3 Die **Koninkryk van die Lewende God** is te midde van alle omstandighede waarin mense leef, regtig teenwoordig in ons dag en tyd.

13.Voordrag: Algemene Bevoegdheidsraad

Ds. Marius Cornelissen verduidelik aan die hand van 'n digitale voordrag die werksaamhede van die Algemene Bevoegdheidsraad.

14.Afsluiting en verdaging

Pine Pienaar sluit die sinode af deur Skriflesing uit Romeine 12. Hy roep sinodegangers op om “julleself te gee as lewende en heilige offers wat vir God welgevallig is.” Nadat die sinode uit Lied 533 gesing het, spreek Pine die seën uit en die sinode verdaag.
